Laerskool Totiusdal

Cunninghamlaan 1211
WAVERLEY
0186

☎ (012) 332-1745 / 0796

71 jaar

Staan op.... vir dit waarin jy glo!

22 April 2024

Geagte Ouers en Daller-Atlete

ALGEMENE LANDLOOPINLIGTING 2024

Landloop vind in die **tweede** en **derde** kwartaal plaas. In die **tweede kwartaal** vind klubliga's plaas en atlete neem in hul **EIE HOEDANIGHEID** deel. Ouers is **self** verantwoordelik om atlete **in te skryf** en na die B byeenkomste te vervoer.

Die **toegangsfooi** per atleet is **R30,00** en betaalbaar by die hek of direk aan AGN. Die skakel vir inskrywings na die byeenkomste sal vroegtydig op die landloopgroep geplaas word. **Tydelike AGN** nommer is v**erpligtend** vir deelname en sal by die onderskeie byeenkomste verkrygbaar wees teen **R40,00 per byeenkoms**. Atlete moet aan minstens **2 byeenkomste** deelneem om in aanmerking te kom vir die AGN span wat gekies sal word om aan die interprovinsiale byeekoms deel te neem op 20 Julie 2024. Daar is nog nie duidelike kriteria vanaf AGN rakende die spankeuses nie.

Datums vir die voorseisoen:

Liga 1	4 Mei	Hoërskool Uitsig
Liga 2	10 Mei	Eldoraigne/Sutherland (Nagwedloop)
Liga 3	18 Mei	Hoërskool Pretoria-Noord
Liga 4	25 Mei	Laerskool Fleur
Interprovinsiaal	20 Julie	Middelburg

PROGRAM VIR DIE BYEENKOMSTE

Item		Tyd	Afstand	Item		Tyd	Afstand
Dogters	**0/8**	**12:50**	**1km**	**Dogters**	**0/11**	**13:50**	**3km**
Seuns	**0/8**	**13:00**	**1km**	**Seuns**	**0/11**	**13:30**	**3km**
Dogters	**0/9**	**13:10**	**2km**	**Dogters**	**0/12**	**13:50**	**3km**
Seuns	**0/9**	**13:20**	**2km**	**Seuns**	**0/12**	**13:30**	**3km**
Dogters	**0/10**	**13:10**	**2km**	**Dogters**	**0/13**	**13:50**	**3km**
Seuns	**0/10**	**13:20**	**2km**	**Seuns**	**0/13**	**14:10**	**4km**

In die **derde kwartaal** vind die skoleliga plaas, hier neem die atlete onder die **skool se naam** deel. Leerders maak gebruik van eie vervoer na die byeenkomste en die skool dek die **inskrywingskoste**. Atlete wat tydens die seisoen kwalifiseer, het ook die geleentheid om aan die Gauteng Noord- en SA Kampioenskappe deel te neem.

E-pos: **Die Hoof**: Mnr. M. Carr admin@totiusdal.co.za Me. Annemarie Gertenbach finance@totiusdal.co.za Me. Elmarie Williams finance2@totiusdal.co.za **Ontvangs**: Me. Annemarie v. Brakel reception@totiusdal.co.za **Algemene navrae**: Me. Hester v. Deventer admin@totiusdal.co.za

Permanente ASA lisiensienommers is verpligtend vir deelname aan die skoleligas. Alle laerskole mag binnekort registreer as klubs. Sodra die registrasies gefinaliseer is kan permanente nommers deur die skool aangekoop word. Ons hou u op hoogte.

Datums vir die skole ligas:

Liga 1	12 Julie	Laerskool Rooihuiskraal
Liga 2	19 Julie	Laerskool Queenswood
Liga 3	26 Julie	Laerskool Vissershoek
Liga 4	2 Augustus	Laerskool Witpoort
AGN Kampioenskappe	17 Augustus	Lavender Country Market
SA Kampioenskappe	7 September	Vaal Triangle

Kriteria vir SA kampioenskappe:

Atlete moet aan 4 byeenkomste deelneem tydens die landloopseisoen. Dit sluit die voorseisoen asook die amptelike skoolligas in. Die tweede kwartaal se deelname word nie in ag geneem wanneer die span gekies word nie. Maar geld wel vir deelname.

Atlete 13 jaar en jonger:
Die atleet moet in die **TOP 18** van sy ouderdomsgroep in vier van die byeenkomste, voorseisoen skoleligas asook AGN kampioenskappe (verpligtend) lê om in ag geneem te word vir die span. Die span word saamgestel na gelang van die AGN kampioenskappe se uitslae.

Lees gerus meer oor die kriteria vir insluiting in die AGN span asook die voorseisoen liga's op die AGN webwerf www.agn.co.za

Kleredrag:
Atlete neem in **Daller atletiekdrag** deel.

Oefentye:

Vanaf: 24 April 2024

Maandag en Woensdae 6:30-7:00 in die oggende. Ons gaan later weer in middae oefen sodra ons die geleentheid kry.

Ons nooi alle leerlinge uit om saam te kom oefen. Landloop is 'n sport wat **karakter bou** en **dissipline** kweek. Ons skool beskik oor 'n goeie afrigtingskorps met baie praktiese ervaring in landloop.

Atlete ontmoet by die pawiljoen en moet asb. tekkies saambring. Skoolklere kan na oefening aangetrek word.

Ons sien uit na 'n fantastiese landloopseisoen. By voorbaat dankie vir u samewerking en getroue ondersteuning!

Dallergroete

.. ..

MNR. M.M. CARR (HOOF)

ARLINE VAN STADEN
ORGANISEERDER: LANDLOOP

E-pos: **Die Hoof**: Mnr. M. Carr admin@totiusdal.co.za Me. Annemarie Gertenbach finance@totiusdal.co.za Me. Elmarie Williams finance2@totiusdal.co.za **Ontvangs**: Me. Annemarie v. Brakel reception@totiusdal.co.za **Algemene navrae**: Me. Hester v. Deventer admin@totiusdal.co.za